Oude Westhof
Retirement Village • Aftree-oord

# VERSLAG RAKENDE DIE SAKE VAN DIE SORGVERSKAFFER VIR DIE PERIODE 1 MAART 2025 TOT 28 FEBRUARIE 2026

Die verslag is voorberei vir die inligting van lede van die Bestuursvereniging ingevolge Klousule 33(1)(k) van die Grondwet.

Klousule 48(2) van die Grondwet bepaal dat direkteure van die Sorgverskaffer (OWOBV (Edms.) Bpk.) trustees van die Bestuursvereniging moet wees.

Die volgende trustees dien as direkteure op datum van hierdie verslag vir 'n onbepaalde termyn ingevolge Artikel 68(1) van die Maatskappyewet (Wet Nr. 71 van 2008):

Mnr. Hennie Hurter
Mnr. Chris Heyns
Mnr. Bruno Wehrle
Mnr. Ferdie van der Merwe
Mnr. Frits Vleggaar

Die direkteure vergader maandeliks in die week voor die trusteevergaderings. Afskrifte van die notules, finansiële maandstate, balansstate en debiteureverslae word by die vergaderings van die Raad van Trustees ter tafel gelê.

Die verslagperiode was die negende volle finansiële jaar in werking onder die bestuur van Me Ina Prevedello, bygestaan deur haar goed opgeleide personeelkorps.

Die multi-dissiplinêre span is saamgestel uit:

- Matrone Ina Prevedello – Verpleegbestuurder
- Dr. Theresa Swart – Mediese praktisyn met nagraadse opleiding in palliatiewe versorging.
- Prof Dana Niehaus – Psigiater
- Dr. Marilize Vlok – Mediese praktisyn
- Dr M Parker - Psigiater
- Dr P Steyn – Psigiater
- Dr C Gabriels – Psigiater
- Me. Lindie Uys – Arbeidsterapeut
- Geregistreerde Verpleegsters by die Sorgsentrum

Die span voer gereelde besprekings, persoonlik of by wyse van hul WhatsApp-groep.

Die geouditeerde finansiële state vir die verslagperiode, sal aan lede gesirkuleer word vir oorweging by die Algemene Jaarvergadering.

**Resultaat vir die jaar tot 28 Februarie 2026**

1. **Inkomste:** Bedra R9 414 058 vir die jaar, R41 972 beter as begroting. Die bedbesetting van die Sorgsentrum was bevredigend.

2. **Uitgawes:** Dit het R10 699 335 bedra vir die jaar, R6 684 onder begroting.

3. **Netto Bedryfstekort:** Die netto bedryfstekort vir die jaar het R1 285 277 beloop.

4. **Fondse:** Die lening van Oude Westhof Bestuursvereniging het vermeerder tot R2 918 656 op jaareinde.

## BEGROTING 2026-2027

Hoewel die begrote inkomste met R800 222 in vergelyking met die vorige finansiële jaar sal styg, is 'n netto-verlies van R1 365 922 onafwendbaar.

## OPVOLGBEPLANNING: VERPLEEGBESTUURDER

Verskeie gesprekke is reeds deur die Direksie van die Maatskappy gevoer rakende hierdie baie belangrike aangeleentheid. Dit is die Direksie se mening dat 'n geskikte persoon nou reeds geïdentifiseer moet word, aangestel word en die nodige opleiding ontvang, ten einde te verseker dat 'n gladde oorgang plaasvind, wanneer Matrone Ina Prevedello nie meer beskikbaar sal wees vir diens aan die Maatskappy nie.

Die aanstelling van senior geregistreerde verpleegsters word reeds gedoen met die oog daarop om 'n geskikte persoon te identifiseer en die nodige opleiding te verskaf, as opvolger vir Matrone Prevedello. Tot datum was ons egter onsuksesvol om sodanige persoon te identifiseer wat aan ons behoeftes sal voldoen. Daar word egter voortgegaan met pogings om 'n geskikte persoon te identifiseer.

## ALGEMEEN

Die Arbeidsterapeut is steeds in diens op 'n uurtarief. Sy lewer nie alleenlik diens aan die inwoners nie, maar is ook deurlopend behulpsaam met die opleiding van personeel in hul onderskeie vakgebiede.

Ten slotte wens die Direksie sy dank en waardering aan die Verpleegbestuurder en haar personeel oor te dra vir die lojaliteit en toewyding wat hul deurgaans openbaar in die uitvoering van hul pligte.

Aan mnr. Gerhard van der Merwe, die Maatskappy-Sekretaris, ons opregte dank en waardering vir die wyse waarop hy te alle tye beskikbaar is om behulpsaam en tot diens van die Sorgsentrum te wees.

**HW HURTER**
**VOORSITTER: RAAD VAN DIREKTEURE**
**28 MEI 2026**